



## Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

### Liewe Ouers

BAIE welkom terug na die vakansie! Ek hoop dat dit vir elke gesin 'n kosbare saamweestyd was. Mag hierdie kwartaal ook vir elkeen van u geseënd wees!

Me. Simoné du Plooy het ons aan die einde van verlede kwartaal gegroet. Ons wens vir haar voorspoed toe vir hierdie nuwe fase in haar lewe! Mag haar pad vorentoe met God se genade en seën geplavei wees.

Me. Sumari Hattingh is in haar plek aangestel en verantwoordelik vir graad 8 en 9 Sosiale Wetenskappe en Engels. Juffrou Sumari, baie welkom by HSH. Mag jy sommer vinnig deel wees van ons Hennie-familie en baie gelukkig hier wees! Dit is lekker om jou by ons te hê!

Mnre. Frans Kruger, Adriaan van Niekerk en Divan Eloff het gedurende die vakansie streek- en provinsiale spanne tydens toere vergesel. Baie dankie aan hierdie personeel wat bereid was om 'n gedeelte van hulle vakansie op te offer om saam met hierdie seuns en dogters te toer. Ons waardeer julle!

Ons innige simpatie aan leerders wat ouers en/of familieledede aan die dood afgestaan het. Mag die Here julle vertrous en julle daaglikse voel hoe Hy julle toevou in Sy arms van liefde. Ons bid vir julle.

Baie sterkte vir die kwartaal! Dit is 'n besige kwartaal waarin daar ook ernstig aan akademiese aandag gegee moet word. Ons tema vir die maand is "Lei die pad na sukses". Onthou: slegs harde werk bring sukses!

Mag ons as personeel - met u hulp - ons kinders lei op die pad na sukses!

Vriendelike groete  
Brenda Hoffman

### VAKANSIENUUS

Gedurende die vakansie het elf van ons seuns streek- of provinsiale rugbyspanne tydens rugbyweke verteenwoordig.

Dylan Claassens was deel van die Griffons Platteland o.14-span wat 2 uit 3 wedstryde gewen het.

Brandon Baker, Siya Khaba en Jordan Ferreira was deel van die Griffons Platteland o.18-span wat 2 uit 3 wedstryde gewen het. Hulle word ook as die 7's-kampioene op die toer gekroon!

Dian Wagenaar was deel van die Sandveld o.16-span wat 1 uit 3 wedstryde gewen het.

Die Sandveld o.19-span, met Sam Dlamini en Thabiso Leeu op hulle spanlys, wen ook 2 uit 3 wedstryde.

Xander van Jaarsveld, Travis van Wyk, Armand Jordaan en Franco Marx draf vir die Barbarian o.19-span uit en wen 1 van hulle 3 wedstryde.

Xander en Travis behaal onderskeidelik uitsonderlike prestasies om vir die ITEC-toerspan na Ierland en Italië en die ITEC Sewespan na Dubai gekies te word. Baie geluk!

Ruoise Möller en Mieke Greyling het ook tydens die vakansie die Noord-Vrystaat Bokkieweekspanne (in hokkie en netbal onderskeidelik) gedurende die Bokkieweek in Kroonstad verteenwoordig.

Baie dankie aan al hierdie seuns en dogters vir hulle bydrae tot hulle spanne se suksesse - ons is baie trots op julle en vertrou dat julle waardevolle ervaring opgedoen het!



# Uit die skoolhoof se pen...

#WEESDIEVERSKIL

## SPORTUITSLAE

### Hokkie

Ons hokkie het verlede Saterdag hulle laaste ligawedstryd teen St. Dominics gespeel. Die eerstespan verloor 1 - 3 en die tweedespan 0 - 7.

Baie dankie aan elke hokkiespeler vir julle volgehoue toegewydheid: dit was 'n goeie seisoen!

### Golf

Teilon Cawood het verlede naweek aan die Vaal De Grace Junior Ope-kampioenskappe in Parys deelgeneem. Hy eindig 11de in sy ouderdomsgroep. Baie geluk, Teilon!

### Stoei

Divan van Pletzen het gedurende sy klub se Ope-kampioenskappe 'n goue medalje in die Freestyle o.15-afdeling behaal. Wel gedaan, Divan!

### Landloop

Dit gaan baie goed met ons atlete. Hulle tye verbeter weekliks met elke liga wat hulle hardloop.

Ons atlete neem vandag aan liga 6, ook bekend as die Lejweleputswa Landloopkampioenskappe deel. Ons wens vir elke atleet net die beste tyd toe!

### Tennis

Ons tennisspanne speel Vrydag, 19 Julie teen Bothaville. Die eerstespanne speel tuis (Uniepark) en die tweedespanne weg.

### Rugby

Ons o.15-, o.16- en eerste rugbyspanne is Saterdag in uitspeelwedstryde betrokke. Wedstryde vind plaas by Rovers Klub, Welkom.

BAIE STERKTE aan al ons sportspanne! Gee net jou beste ... dit is goed genoeg!

#WEESDIEVERSKIL

**HSH TENNIS-LIGA**  
HOERSKOOI HENNINGMAN VS. HOERSKOOI BOTHAVILLE  
- TUIS/ WEG -  
VRYDAG, 19 JULIE 2024

OUDERDOM:	TYD:	SPAN:
O.19A SEUNS	14:00 (T)	HOERSKOOI HENNINGMAN VS. HOERSKOOI BOTHAVILLE
O.19A DOGTERS	14:00 (T)	HOERSKOOI HENNINGMAN VS. HOERSKOOI BOTHAVILLE
O.19B SEUNS	14:00 (W)	HOERSKOOI HENNINGMAN VS. HOERSKOOI BOTHAVILLE
O.19B DOGTERS	14:00 (W)	HOERSKOOI HENNINGMAN VS. HOERSKOOI BOTHAVILLE

**HENNIE SPORT**  
*Tennis!*  
- PER LABOREM AD FINEM -

#WEESDIEVERSKIL

**HSH RUGBY-LIGA**  
HOERSKOOI HENNINGMAN PLATTELAND UITSPLE  
- WEG -  
SATERDAG, 20 JULIE 2024

SPAN:	TYD:	SPAN:
O.15'S	08:00	HOERSKOOI HENNINGMAN VS. ST. ANNE'S
O.16'S	10:10	HOERSKOOI HENNINGMAN VS. ST. ANNE'S
EERSTESPAN	12:40	HOERSKOOI HENNINGMAN VS. HOERSKOOI SOLOMON SENEKAL

**HENNIE SPORT**  
*Rugby!*  
- PER LABOREM AD FINEM -

Wéés die verskil!

